PRO VERITATE

REDAKSIONEEL

## AKTIVERING VAN LIDMATE

Die stem van die gewone lidmaat in die kerk is te stil. Die Protestantse kerke die hele wêreld deur erken met droefheid hierdie gebrek aan geestelike aktiviteit. Baie redes kan vir hierdie ongelukkige toestand gegee word — redes wat ons nie nou hier kan uiteensit en behandel nie, maar wat die kerk ernstig sal moet oorweeg ter wille van 'n kragtiger getuienis in die wêreld. Verwyte dat ons kerke in sommige opsigte dominees- of kerkraadskerke geword het met die gelowige as passiewe toeskouer is nie ongegrond nie. Intussen het kerklike genootskappe en christelike bewegings wat normaalweg nie die erkenning van die historiese kerke geniet nie baie beter daarin geslaag om 'n groter aantal van hulle lede te betrek in een of ander geestelike aktiwiteit. Of sodanige dienswerk altyd die toets van die Skrif kan deurstaan, is 'n ander vraag, maar daarteenoor mag met eweveel reg deur hulle beweer word of die onmondige geestelike getuienis van ons lidmate die toets kan deurstaan van die opdrag van die Here deur Paulus in Efese 4: 11 en 12 — **„En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus".**

As nou as verweer die argument gebruik word dat daar talle geleenthede vir lidmate gebied word om 'n bydrae te lewer deur middel van funksies, verenigings en Sondagskoolwerk, dan moet ons daarop wys dat die Bybelse visie van 'n lewende lidmaat baie meer inhou: dat dit Christene voorhou wat aktief meehelp in geestelike arbeid, in die bestudering van die Bybel, in die beoefening van die gebed, in die uitdra van 'n standvastige getuienis op alle lewensterreine, en in die aanvaarding van 'n baie groter verantwoordelikheid in die praktiese Christelike diens en werksaamhede van die kerk. En waar dit nie plaasvind nie, daar verkeer die kerk in nood.

Uit die nood van hierdie geestelike passiwiteit van die gewone gelowige is veral na die Tweede Wêreldoorlog inrigtinge gebore waar groepe mense saamgekom het om weereens ernstig te besin oor die betekenis van die Christen se belydenis en getuienis in die kerk en die wêreld. Vormingsentra soos Iona, Driebergen, Agapa en Bad Boll het algemene bekendheid verwerf as een van die noodsaaklike weë om Christene weer meer roepingsbewus te maak.

In Suid-Afrika het ons nog feitlik niks van die aard nie — altans nie wat 'n groot aantal kerke betref nie. Afsonderlike kerke het in een of twee gevalle Bybelskole of evangelisasiesentrums in die lewe geroep wat met groot vrug opereer, maar baie meer sal gedoen moet word deur Christene sowel as die kerk in sy geheel as die besef van die lewende en noodsaaklike getuienis van die Christen weer moet posvat. Wat kan dit nie beteken vir die koninkryk van God as 'n groep lidmate van verskillende kerke hulle kragte saamsnoer om 'n instituut in die lewe te roep wat die leiding kan neem om gestalte en inhoud te gee aan hierdie gedagte nie!

EDITORIAL

## THE CHURCH IN TIMES OF CRISIS

Times of crisis are times of testing for the Church and for Christians. The test is basically one of loyalty and witness — loyalty to Christ and witness to his Kingship. On the face of it the crisis may seem to have nothing to do with Christ and our Christian belief — but eventually it becomes clear that the issues at stake are not primarily political or economic or educational or social but theological and moral.

We are living in such times in Africa — and especially in the southern part of this continent. On the face of it the clash between groups is an ideological one being waged on the political and the economic level. But God sees it differently. All people involved are, according to Scripture, sinful in nature and spirit. This sinful nature mars their intellectual outlook and moral judgment so that on both sides sin prevents men of all races and groups from discovering or seeing the full truth.

It is just here where the church comes in with a significant responsibility to proclaim the truth of God's purpose with all creatures and with movements of the human spirit — the truth that God reigns supreme and that finally it is He who allowes and guides all unrest and upheavel to His glorious end. Just because of this the Church is called to proclaim and explain to the new laos, the people of God, what true justice and righteousness to all peoples means and how every follower of Christ should discern between right and wrong on both sides.

This has a specal significance for South Africa because recent developments gives the impression as if the tension and possible clash may become one between black and white. Therefore Christians, white and non-white, must be led to understand that their first allegiance, their primary loyalty, is to Christ and to his Kingdom, to his Person as the only Truth — and that all other loyalties (that of home or social standing or culture or nation or race) are secondary. To this truth all Christians of all groups and colours and races must witness fearlessly within and without their own group. Only then will the confession of our unity in Christ and his Word become a witness, a challenge and a spiritual force which will save our country from destruction and lead the Church to a renewal of its message and its service to the world.

**Oordenking**

# DIT IS VOLBRING

„EN TOE JESUS DIE ASYN GENEEM HET, SÊ HY: DIT IS VOLBRING! EN HY HET SY HOOF GEBUIG EN DIE GEES GEGEE". JOH. 19 : 30.

In hierdie feesdae word daar oor die hele wêreld teruggedink aan 'n gebeurtenis wat byna tweeduisend jaar gelede plaasgevind het, toe 'n Man buitekant Jerusalem aan 'n kruis gesterwe het; swak en arm en naak — soos 'n lam.

En tot op hierdie dag het die Man van Nasareth vir die wêreld 'n dwaasheid en 'n struikelblok gebly. Want dit is nie maklik om te glo dat Hy die Verlosser van die wêreld is nie. Hy is gebore in 'n krip in 'n stal. In armoede het Hy geleef soos 'n dienskneg. Hy moes sê: „Die Seun van die Mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie". Jesaja die profeet het gesê: „Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad dat ons Hom sou aansien nie; en geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie". En by sy dood was Hy eers swak. Hy was bang vir die dood. Toe Hy sien dat sy uur gekom het, het Hy gesweet — en sy sweet het soos bloed geword. Hy het Hom laat vang, op Hom laat spoeg. Hy het Hom laat slaan en met Hom laat spot. Hy het aan die kruis gehang soos iets wat die wêreld weggestoot het: arm en naak en alleen. En aan die einde van dit alles het Hy uitgeroep: „Dit is volbring!"

Wat beteken dit tog? Wat het Hy volbring? **Wat het hy klaargemaak? reggemaak? Hy is dan net soos ons!** arm en swak en weggestoot, eenkant, buitekant.

By sy kruis het die owerstes van die Jode gestaan en die soldate. Saam met een van die kwaaddoeners het hulle almal gespot en gesê: „Verlos Uself! As U die Christus is; as U die koning van die Jode is, verlos Uself!"

Ja, dit is die moeilikheid. Hy is soos ons; Hy kan Homself nie help nie. Hoe sal Hy ons kan help? Hy die Verlosser van die wêreld? Nee, 'n verlosser moet 'n sterk man wees. Hy moet die swaard kan swaai. Hy moet 'n man wees wat kan veg; wat 'n pad kan oopbreek vorentoe. So 'n man is 'n verlosser. En daarom het die Jode vir Barabbas gekies — en die kruisiging van Jesus van Nasareth geëis.

Die wêreld soek na 'n verlosser. Ook ons arme siek wêreld. Party kyk na Rusland en ander na Amerika. Die wat na Golgota kyk is min.

Ook Afrika soek 'n verlosser. Daar word gevra na 'n man; 'n man wat ons uit ons ellende kan verlos. Hy moet 'n sterk man wees - soos Tschaka wat met sy spies voorgeloop het en 'n pad oopgetrap het totdat die vrees op almal geval het. Of soos Moshesh, die groot diplomaat wat sy vyande met lis gevang het. Nou is daar nie tyd vir swakkes nie. 'n Man wat aan 'n kruis gesterwe het, alleen en arm en naak; Hy 'n Verlosser? Nee, Hy het reg gesê: „Dis is klaar!"

Maar die dinge wat op Golgota gebeur het, het ook 'n ander kant; 'n ligkant, 'n goddelike kant. Kon die Seun van God nie met een woord al sy vyande vernietig nie? Maar Hy wou nie. Hy wou gehoorsaam wees. Ja, dit is die woord wat bokant sy lewe en sterwe geskrywe kan word. Gehoorsaamheid. Nie swakheid nie, maar gehoorsaamheid. So moes die Christus ly. So was dit die wil van God. God het besluit dat dit die pad is waarlangs Hy oor die duisternis en die dood en die hel sal oorwin; deur sy Seun na die kruis te stuur soos 'n lam wat na die slagplek gelei word — 'n offerlam.

Dit is die hand van die Vader wat sy Seun aan die kruis gespyker het; dit is die hand van die Vader wat deur sy Seun alles reggemaak het — alles; omdat Hy ons liefhet. Soos Abraham sy seun Isak moes offer, so het God sy Seun geoffer omdat Hy ons liefgehad het. Maar daar was nie 'n ram in die plek van hierdie Seun nie. Hy moes sterwe, alleen. „Ek het die wynpers alleen getrap."

En nou is ons nie meer verwonderd dat Hy net soos ons is nie; dat Hy Homself nie kan verlos nie. Want wat met Hom gebeur het, moes met ons gebeur het. Dit is ons wat verdien het om te sterwe, arm en naak en alleen. Dit is ons wat verdien het dat God ons sal verlaat. Maar God het ons liefgehad. Daarom het Hy sy Seun uitgetrek en geoffer, in ons plek. „Die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom".

Alles wat God doen, doen Hy goed. God het gewerk en aan die einde het sy Seun uitgeroep: „Dit is volbring". Die straf is gedra, die prys is betaal, die offer is gebring. Daar is niks meer nodig nie. Die Heiland van sondaars het alles reggemaak. Jesus Christus, die Verlosser. En daarom sê die Here van die fees: „Kom, want alles is gereed".

Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God. Amen.

W.J.C.

## General Notice

**This is the twelfth monthly issue of Pro Veritate since its inception a year ago. Subscribers who have been on our list for the last 9 months or more are now requested to remit their subscription of R2 (Africa) and R2.50 (overseas) as soon as possible.**

**Pro Veritate is wholly dependant for its existence on subscriptions and donations. Your willing support and co-operation in this matter will be appreciated.**

## Algemene Kennisgewing

**Hierdie is die twaalfde maandelikse uitgawe van Pro Veritate sedert sy verskyning 'n jaar gelede. Intekenaars wat die blad vir 9 maande of langer ontvang het word nou vriendelik versoek om hulle subskripsie van R2 (vir Afrika) of R2.50 (vir oorsee) so gou moontlik te vereffen.**

**Pro Veritate is vir sy voortbestaan geheel en al afhanklik van subskripsies en donasies. U vrywillige ondersteuning en samewerking in die saak sal waardeer word.**

**By hierdie uitgawe van Pro Veritate is 'n belangrike brosjure ingesluit oor die onderwerp: Die Christendom in 'n tyd soos hierdie. Dit is van die hand van prof. dr. G. C. Oosthuizen, dekaan van die Departement van Teologie, Fort Hare.**